



## Beskerm die Kerk in Afrika

Ons geloofs familie in Afrika staar geweldige beproewings in die gesig en ons visie by Geopende Deure is om te verhoed dat hulle heeltemal vernietig word. Ons wil hê hulle moet te midde van vervolging steeds gemeenskappe van hoop bly. Met dié standvastigheid kan die lig van Christus die duisternis op ons vasteland verdryf en meer mense tot bekering bring.

Met vervolging is daar dikwels geen bystand vir Christene nie en moet hulle uitsluitlik op die Kerk steun. Tydens die pandemie het ons die werklikheid in plekke soos Uganda waargeneem, waar bekeerdes verwerp is en nie familie gehad het om bystand te verleen nie. Gelowiges soos John\*, wat noodleniging van ons kon ontvang, bedank julle vir die ondersteuning.

*"Wanneer ons hierdie verligting sien, is daar minstens hoop dat daar mense is wat omgee vir diegene wat deur moeilike tye gaan,"* het John gesê.

Skandeer hier:



## 1 Werkersdag

Vandag vier talle nasies werkers se regte. Ons by Geopende Deure onthou ons werkers en vennote wat hul lewens waag om die vervolgde Kerk te dien. Bid dat God hulle sal seën terwyl hulle vervolgde gelowiges ondersteun.

## 2 Bhoetan

Monitering is meer intens as voorheen in Bhoetan, met kerke wat nou gedwing word om byeenkomste te staak omdat hulle daarvan verdink word dat hulle mense tot die Christendom bekeer. Bid vir die beskerming van Christene wat vir kerkdienste bymekaarkom.

## 3 Iran

Iraniërs is al vir baie maande aan onrus blootgestel. Betogings duur voort ondanks die risiko van arrestasie, marteling en selfs teregstelling. Bid dat God diegene sal vertroos wat geliefdes tydens dié ontwrigting verloor het.

## 4 Egipte

Rania\* plaas alles op die spel om Jesus in haar streng Moslem-gemeenskap te volg. Bid dat God haar en ander gelowiges soos sy sal seën om sout en lig vir hul gemeenskappe te wees en lewens deur God se krag te verander.

## 5 Afrika-wêrelderfenisdag

Vandag vier ons die kulturele en natuurlike erfenis van Afrika. Bid vir ons vasteland en ons geloofs familie in Afrika wat weens hul geloof vervolg word. Bid dat die Goeie Nuus oor ons kontinent sal versprei om Satan se leueuns te verdryf.

## 6 Libië

Dit is riskant vir mense in Libië om uit te reik en vervolgde gelowiges te help. Bid vir die beskerming van goedgesinde mense wat hulle probeer ondersteun.

## 7 Marokko

As hoorwegende Moslemland, het baie Marokkane nog nooit die Evangelie gehoor nie. Sami\* deel egter die Evangelie met vrymoedigheid met mense. Bid vir die vrugte van sy toewyding en veiligheid.

## 8 Noord-Afrika

Naasima\* sê Noord-Afrikaanse pa's dwing hul dogters om hul onderrig vroeg te staak en eerder te trou. Bid vir 'n groot verandering in die manier waarop vroue in Moslemlande beskou word.

## 9 Indië


Godsdienstige ekstremiste en leiers eis dat Christelike stamme van stamskemas en voorregte ontnem moet word. Bid vir krag vir Christelike stamgemeenskappe terwyl hulle vervolging in die gesig staar.

## 10 Tadzhikistan

Nadat die Tadjiëkse regering besluit het om nie meer kerkregistrasies te eerbiedig nie, het hulle vals aanklagte teen die leier van 'n huiskerk opgemaak nadat hulle aansoek gedoen het en die gebou is gesluit. Bid dat dié en ander gemeentes weer veilig kan bymekaarkom.

## 11 Turkye

Christene in Turkye verteenwoordig slegs 0,1% van die bevolking en staar dikwels smeerveldtogte en teenkanting in die gesig. Bid dat Christene getrou en hoopvol sal bly.



## 12 Mexiko

Mexiko beklee tans die 124ste plek uit 180 lande vir korruksie. Bid vir gelowiges wat Christus se lig te midde van die duisternis, korruksie en misdaad versprei. Bid vir God se beskerming terwyl hulle die bose teëstaan.

## 13 Suidelike Filippyne

Islam het vinnig in die Filippyne gegroeи – die enigste Asiatiese land waar Christenskap die oorheersende godsdiens is. Bid dat baie mense Christus sal aanneem terwyl sendelinge die Evangelie landwyd versprei.

## 14 Arabiese Skiereiland

Mense op die Arabiese Skiereiland is nuuskierig oor geloof en die mistieke. Hulle nuuskierigheid lei hulle dikwels na die okkulte. Bid vir beskerming teen demoniese geeste en praktyle en dat hulle Jesus sal vind.

## 15 Nepal

Suman Bhandari\* en sy gesin is weens hul geloof gedwing om hul huis te verlaat, met slegs h snoepie as inkomste. Bid dat God hul winkel sal seën en uitbrei om in hul basiese behoeftes te voorsien.

## 16 Colombia

Onder die nuwe regering sal baie veranderings waarskynlik in die land plaasvind. Bid vir God se beskerming, genade en wysheid vir die nuwe regering.

## 17 Libanon

Baie Libanese wonder op watter wyse korrupte politici aan bewind kan bly. Talle het hul spaargeld verloor en sukkel weens korruksie om hul gesinne te voed. Bid vir voorsiening vir gelowiges en h lig aan die einde van die tonnel vir Libanon.

## 18 Viëtnam

Die owerhede het verlede jaar twee godsdienstige konsepbevele uitgereik. Kenners en kerke is bekommerd dat dié bevele Viëtnamese godsdiensvryheid verder sal beperk. Bid dat gelowiges in dié tyd aangemoedig sal word om God te soek en nader aan Hom sal beweeg.

## 19 Noord-Korea

Lady Da Hyeon is h geheime gelowige wat by ons skuilhuis opgelei is. Die pandemie het haar verhinder om huis toe te gaan. Bid vir haar

(Noord-Korea vervolg)

veiligheid en leiding wanneer sy na Noord-Korea terugkeer om die Evangelie met haar familie en goeie vriende te deel.

## 20 Bangladesj

Christen-studente van bekeerde gesinne kry swaar op skool. Bid dat dié jong Christene Jesus se liefde en wysheid ten spyte van vervolging met ander kan deel. Mag hulle dade Christus verheerlik.

## 21 Tunisië

Tunisië ervaar politieke onrus. Bid vir stabilitet in die land en vir die Kerk om te midde van die onrus te groei en h lig te wees.

## 22 Irak

Met die talle veranderinge en onsekerheid oor die afgelope dekade, weet mense nie meer waar hulle inpas nie. Bid dat getroue volgelinge van Christus hoop en rigting in Jesus sal vind.

## 23 Oesbekistan

Talle Oesbeekse Christene steek hul geloof weg uit vrees vir diskriminasie. Bid dat dié Christene ten spyte van hul isolasie met ander verbonde sal voel en dat God se liefde hul stiltetyd sal vul.

## 24 Sentral-Asië

Christene in Sentral-Asië aanbid heimlik in klein groepies van twee of drie omdat hulle fyn dopgehou word. Bid vir hul veiligheid en vreugdevolle aanbidding ondanks hul omstandighede.

## 25 Kasakstan

In Wettig geregistreerde kerk word sedert 2017 toegang tot bankdienste geweier, wat meebring dat hulle nie belasting en hul personeel kan betaal nie. Bid vir h deurbraak in hul omstandighede.

## 26 Mianmar

Talle ontwortelde gelowiges leef in haglike omstandighede in vlugtelingskampe en woude. Bid vir God se voorsiening van skuiling en voedsel sodat hulle veilig en gevoed kan bly.

## 27 Sirië

Finansiële inflasie is die enigste komponent in Sirië wat styg. Hou asseblief aan om vir gelowiges hier te bid, aangesien die sukkelende land se struikelblokke tot hul spanning bydra.

## 28 Indië

Nadat talle state wette teen bekering deurgevoer het, staar gelowiges toenemende vyandigheid in die gesig. Bid vir uithouvermoë vir gelowiges, pastore en kerkleiers.

## 29 Noord-Korea

Dankie dat jy vir ons radiobediening bid en dit ondersteun – dit kon selfs tydens die streng inperking uitsaai. Bid vir beskerming vir Noord-Koreaanse gelowiges wat in die geheim na die radioprogram luister en dat God se Woord só versprei sal word.

## 30 Sri Lanka

Sri Lanka se ekonomiese krisis raak selfs kerkbywoning. "Talle gelowiges vind dit weens h gebrek aan brandstof en openbare vervoer uiters moeilik om kerk toe te gaan," sê Sunil\*. Bid vir h herlewing van dié land se ekonomie en gelowiges wat daardeur geraak word.

## 31 Maleisië

Volgens berigte het die arrestasie van Maleisiërs wat Islam beledig, toegeneem. Die owerhede is skynbaar daarop gefokus om individue op te spoor en aan te kla wat Islam direk of indirek in die openbaar beledig. Bid vir Goddelike ingryping in dié situasie.

\*Name is vir sekuriteitsredes verander.

## Voorsien bystand aan ontwortelde en vlugtelinge gelowiges

Die rede waarom elke individu vlug, is uniek. Dit kan gebeur weens konflik, natuurrampe, vervolging en h magdom ander faktore. In baie gebiede is die ontworteling van Christene h doelbewuste en beplande strategie van godsdienstige vervolging om die Christelike geloof te kelder. Dit is opsetlik en kan deel wees van h groter strategie om Christenskap heeltemal in h dorp, streek of land uit te roei.

Ontworteling vervreem mense en gesinne van sosiale en gemeenskapsnetwerke, wat een van die grootste bedreigings vir die veerkratigheid van Christene en hul identiteitsgevoel is. Wanneer jy h ontwortelde Christen bystaan of ondersteun om h ander blyplek te kry, help jy gemeenskappe, gesinne en die Kerk om te herstel sodat hulle veerkratig kan wees.

*"Ek bedank elke broer en suster wat bygedra het om ons op een plek te kry en ons herenig het om saam in h huis te woon. Ons dank God dat julle by ons gestaan en my na veiligheid gebring het,"* het Adam\*, h vervolgde gelowige wat deur Geopende Deure gehelp is om saam met sy gesin na h veiliger land te trek, gesê.

Skandeer hier:



**1 Arise Africa-veldtog**

Afrika suid van die Sahara ervaar rekordgetalle van geweld, wat deur die teenwoordigheid van jihadistiese groepe in talle lande veroorsaak word. Bid dat ons meerjarige Arise Africa-veldtog die Kerk in hierdie streek sal versterk en bewustheid van hul situasie sal verhoog.

**2 Nigerië**

Nigerië is weens ondenkbare geweld en brutaliteit bo-aan die Wêreldwaarnemingslys vir geweld. Bid dat God dié bose aanvalle sal stop en militante se harte na Jesus se liefde sal verander.

**3 Nigerië**

Bid vir genesing vir die talle gelowiges wat deur gewelddadige vervolging getraumatiseer is. Vra God om Christene te beskerm en die president en staatsgoewerneurs te help om blywende oplossings vir Nigerië se toenemende veiligheidskrisis te vind.

**4 Vervolgingsondag**

Bid vir ons sprekers en vrywilligers wat landwyd in kerke oor ons vervolgde familie sal praat. Bid dat baie mense deur dié getuienisste aangeraak sal word en hulle sal saamstaan in gebed vir ons geloofs familie.

**5 Burkina Faso**

Bid dat Islamitiese ekstremistiese groepe se planne en invloed gestuit sal word. Bid vir genesing, vertroosting en herstel vir diegene wat deur hul aanvalle ontwortel is.

**6 Burkina Faso**

Bid vir krag vir Christene wat teenstand ervaar en dat hulle ligbakens in hul gesinne en gemeenskappe sal wees.

**7 Sentraal-Afrikaanse Republiek**

Ons smag na vrede in dié gekwelde nasie. Bid vir Goddelike bystand vir die regering om onsekerheid te bekamp en vir leiers van militante groepe om h vredesamer lewe na te streef.

**8 Sentraal-Afrikaanse Republiek**

Bid vir voorsiening in die behoeftes van alle ongewelde gelowiges wat ook vervolging ervaar. Mag God hulle beskerm teen onheil, veral kerkleiers, aangesien hulle toenemende gevare trotseer.

**9 Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK)**

Ons verlang om h einde te sien aan die geweld en wetteloosheid wat Christene in die ooste van die DRK verduur. Bid dat God die land sal koester en die owerhede sal help om blywende vrede hier te vestig.

**10 DRK**

Bid vir wysheid en waagmoed vir kerkleiers terwyl hulle getraumatiseerde en ongewelde bedien en hul mense leer om vervolging te trotseer. Mag God Sy genesing bring vir almal wat gely het.

**11 Niger**

Bid dat God daagliks nader aan dié Christene sal beweeg wat daagliks die gevaar van vervolging deurmaak. Mag hulle onder druk standvastig bly in hul geloof en mag Hy hul vervolgers se harte versag.

## **12 Niger**

Bid dat die regering die regstelsel regverdig vir almal sal maak en die bose praktyke van ontvoering en gedwonge huwelike sal staak. Bid vir veilige ruimtes vir Christelike byeenkomste, aanbidding en bemoediging.

## **13 Mali**

Bid vir die verbreking van mag van gewelddadige ekstremistiese groepe wat Mali vernietig en dat Christene na hul huise kan terugkeer en in vrede kan leef.

## **14 Mali**

Bid vir nuwe gelowiges wat alleen en kwesbaar voel om vandag die Here se kragtige teenwoordigheid te ervaar, asook dat hulle sterk bande met ander Christene sal smee om hul geloof te onderhou en te versterk.

## **15 Uganda**

Bid vir die beskerming van gelowiges, veral bekeerlinge wat uitsetting, fisiese aanvalle en selfs die dood in die gesig staar omdat hulle Christelike materiaal besit of hul geloof met familie en vriende gedeel het.

## **16 Jeugdag**

Vandag onthou Geopende Deure die Christelike jeug in Afrika suid van die Sahara. Indien hul potensiaal benut word, kan hulle in die toekoms in kragtige teenwoordigheid vir die Evangelie wees. Bid dat ons werk onder hulle Christus sal verheerlik en hulle sal help om teenwoordig, veerkrachtig en relevant vir die Evangelie te bly.

## **17 Kenia**

Christene naby die noordoostelike grens met Somalië staar beduidende vervolging van die sterk Moslem-teenwoordigheid in die gesig en moet hul kerke weens

al-Shabaab se oorgrensaanvalle sluit. Bid dat God aan hulle sal voorsien.

## **18 Kameroen**

Bid dat die Here se teenwoordigheid vertroosting, vrede en genesing sal bring vir almal in Kameroen wat deur vervolging geraak word. Bid vir daagliks genade en hoop en dat aan hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes voorsien sal word.

## **19 Kameroen**

Bid vir in einde aan Boko Haram se invloed en in oplossing vir die Anglofobiese krisis. Mag die regering die land se toenemende onsekerheid ernstig opneem en meer doen om dit aan te spreek.

## **20 Wêreldvlugtelingsdag**

Onrus, oorlog en vervolging het baie gelowiges in Afrika suid van die Sahara en elders gedwing om uit hul lande te vlug. Bid op Wêreldvlugtelingsdag vir hul oorlewing en onderhoud in die buiteland.

## **21 Eritrea**

Bid vir Eritrese Christene wat weens hul geloof tronkstraf uitdien. Mag hulle God se teenwoordigheid ervaar en Hy hulle en hul gesinne geestelik, fisies en emosioneel onderhou.

## **22 Eritrea**

Prys die Here vir diegene wat gelowiges in die tronk en hul gesinne se waagmoed aanskou het en Jesus daardeur gevind het. Bid dat hulle veilig met ander Christene kan vergader en hulle kan bemoedig.

## **23 Ethiopië**

Bid saam met ons vir geregtigheid vir diegene wat Jesus leer ken het en daarvoor vervolg is. Bid vir die beskerming van hul regte en die bekering van hul gesinne en bure.



## 24 Ethiopië

Bid dat gelowiges in vyandige situasies die Heilige Gees se teenwoordigheid salervaar en aan hul vreugde sal vashou. Bid dat hulle toegerus sal word om die Evangelie met waagmoed na gevaaerlike plekke te neem.

## 25 Soedan

Ons hef Soedan op en bid vir stabiliteit in die streek. Bid dat h̄ regering tot stand sal kom wat gelykheid en godsdiensvryheid respekteer.

## 26 Soedan

Bid vir h̄ veerkrachtige Kerk in Soedan, wat te midde van vervolging sterk sal staan. Bid vir die beskerming van Geopende Deure-vennote wat daarna streef om dit te laat gebeur en dat die Soedaneese regering h̄ regverdiger en veiliger samelewning sal skep.

## 27 Somalië

Bid dat God die harte van ekstremiste sal verander om die geweld te beëindig en vrede na hierdie land te bring. Vra Hom om vrees,

intimidasie en geweld bonatuurlik uit te wis.

## 28 Somalië

Bid dat God geheime gelowiges en ander wie se geloof ontdek is, sal beskerm. Mag Hy diegene genees wat fisies en emosioneel getraumatiseer is omdat hulle Jesus volg.

## 29 Geopende Deure-vennote en -werkers

Bid vir Geopende Deure-vennote en -werkers in Afrika suid van die Sahara terwyl hulle as God se hande en voete optree wanneer vervolging toeslaan. Bid vir wysheid en beskerming wanneer hulle met vervolgde gelowiges vergader.

## 30 Afrika-regerings suid van die Sahara

Bid vir regerings in die streek wat soms ook gelowiges vervolg. Bid dat hulle Christene sal aanvaar en godsdiensvryheid sal toelaat. Bid vir wysheid om Islamitiese ekstremisme in die streek, wat gelowiges en burgers raak, hok te slaan.

\*Name is vir sekuriteitsredes verander.

# JULIE

## 1 China

Ons werkers en vennote behartig gereeld dissipelskapopleiding in Boeddhistiese gebiede. Bid vir voorsiening en beskerming terwyl hulle die Liggaam van Christus in China onderhou.

## 2 Broenei

Islamitiese onderrig word van alle inwoners van Broenei vereis wat hul primêre en sekondêre onderrig wil voltooi. Bid dat Broenei se Christen-jeug eksterne druk sal kan verduur.

## 3 Guru Purnima

Geestelike meesters in Hindoe, bekend as ghoeroes, word op dié dag deur Hindoes vereer. Bid dat Hindoes met die waarheid van die Evangelie verlig sal word.

## 4 Mexiko

Mexiko word deur dwelms en korruptie geteister. Bid dat diegene in magsposisies aan hul waardes en nasiediens getrou sal bly en nie sal toelaat dat dwelmhandel en geweld oorneem nie.

## 5 Indonesië

Ons ontvang steeds versoek vir nog duisende Bybels. Bid vir die koste van die produksie en verspreiding van Bybels. Mag gelowiges gesêen word terwyl hulle God se Woord in hul moedertaal lees.

## 6 Turkye

Bid dat Christene vrylik in kerkgeboue sal kan vergader. Bid dat God in Turkye sal werk om h verandering in mense se houding teenoor Christene te bewerkstellig.

## 7 Suidelike Filippyne

Nadat een van ons vennote, Eli\*, sy vrou aan kanker verloor het, het hy gevind dat Geopende Deure se lewensbestaanshulp hom en sy drie kinders ondersteun het. Prys die Here dat Hy aan gelowiges in hul tyd van nood voorsien het. Bid dat dié bystand baie meer gelowiges sal bereik.

## 8 Afganistan

Sitara\* voel nie meer soos 'n slaaf nadat sy na 'n ander land gevlug het nie. Bid dat die Here vir haar en talle ander Afgaanse vlugtelinge se veiligheid sal voorsien.





## Onderrig en begelei gelowiges deur Bybelse opleiding

Soos h kind voeding en versorging benodig om te ontwikkel, is Bybelse opleiding vir gelowiges noodsaaklik om in hul geloof te groei. Nuwe en vervolgde gelowiges het aanmoediging en gereedskap nodig vir dié geloofsreis. Bybelse opleiding en dissipelskapprogramme is h manier om nuwe en vervolgde gelowiges te laat groei en te koester. Dit sal hulle met toepaslike gereedskap toerus om standvastig te bly in tye van vervolging en ook motiveer om die Evangelie met ander te deel.

Toe pastoor Salim\* Islam verlaat het om h Christen te word, het hy gevind dat hy die Evangelie met ander kon deel nog voordat hy behoorlik gedissipel was. Hy het h hartsbegeerte gehad om uit te reik na die mense in sy omgewing en nuwe bekeerde. In dié tyd het Geopende Deure pastoor Salim en sy kerk bygestaan en van toepaslike inligting en vervolgingsvoorbereidheid-opleiding voorsien.

*"Julle het ons toegerus en bemagtig deur opleiding. Danksy julle apologetiese opleiding kan al ons lede, selfs die kinders, h Moslem antwoord wanneer hulle oor hul geloof ondervra word,"* het pastoor Salim gedeel.

Skandeer hier:



## **9 Viëtnam**

Die geletterdheidsklasse bevorder welwillendheid onder gelowiges en dorpenaars en kan soms as 'n evangelisasie-instrument gebruik word, wat bure na die liefde van Christus lei. Bid dat meer mense Christus en Sy liefde deur dié klasse sal leer ken.

## **10 Laos**

Bid vir die Heilige Gees se leiding en geestelike krag vir gelowiges wat deur hul families verstoet word. Mag die Here vir hulle 'n geloofsgemeenskap gee om hulle in hul pad met God te help groei.

## **11 Negerië**

Bid dat God in die harte van die geweldplegers sal ingryp om hul sondes te bely en berou te toon. Bid vir die volgehoue beskerming van gelowiges.

## **12 Saoedi-Arabië**

Saoedi-vroue word al lank onderdruk en as minderwaardig teenoor mans behandel. Bid dat Saoedi-gelowiges die waarheid sal verstaan oor die manier waarop God mans en vroue geskep het.

## **13 Tunisië**

Ali\* is 'n gelowige in Tunisië wat in sy geloof alleen voel. Bid asseblief dat hy ander gelowiges sal teëkom om hom te bemoedig en met wie hy kameraadskap kan deel.

## **14 Malediven**

Die Malediven-regering het die ekstremistiese invloed in tronke begin monitor en navorsing toon dat tronke die perfekte broeiplek vir terrorisme is. Bid dat die regering dié situasie sal aanspreek alvorens dit eskaleer en dat God se Waarheid gevangenes in die tronk sal bereik.

## **15 Ethiopië**

Wanneer mense tot bekering kom, neem die druk vinnig toe. Hulle het hoop, Bybelkennis en ondersteuning nodig om die druk te weerstaan. Bid dat ons al dié nuwe gelowiges in vennootskap met die plaaslike Kerk sal kan bereik.

## **16 Indië**

Bid vir stamgordelstreke waar Ghar Wapsi (kragtige omskakeling na Hindoeïsme) aan die orde van die dag is. Bid vir krag vir gelowiges en 'n meer toegeeflike samelewing.

## **17 Sentral-Asië**

Dank God vir Sy goddelike ingryping in die lewe van Yunus\*, wat deur 'n veiligheidsbeampete bygestaan is om die grens oor te steek. Bid dat God sal voortgaan om op wonderbaarlike maniere vir ons geloofs familie in dié streek te sorg.

## **18 Azerbeidjan**

Azerbeidjan se klein aantal Christene word dikwels weens hul geloof gemarginaliseer. Bid dat God vir diegene wat hul werk verloor het, sal sorg om in hul daagliks behoeftes te kan voorsien.

## **19 Israel en Palestina**

Bid vir vrede in die Heilige Land en internasionale samewerking om geregtigheid en gelykheid vir almal te bewerkstellig. Bid dat die Heilige Land se Christelike minderheid en Messiaanse Jode hul daagliks lewens ondanks struikelblokke in rustigheid sal kan lei.

## **20 Oman**

In talle kleiner dorpies in Oman het die mense nog nooit 'n Christen ontmoet nie. Bid dat dié mense Christus in drome en visioene sal ontmoet en gelowiges sal teëkom wanneer hulle groter dorpe besoek.

## **21 China**

Die plaaslike owerhede het jare lank druk op Jason en sy gesin geplaas weens hul geloof. Hulle is aangehou, ondervra en gewaarsku om nie aan godsdienstige aktiwiteite deel te neem nie. God het egter vir hulle 'n manier gevind om hul uitreiking voort te sit. Bid vir hul veiligheid.

## **22 Broenei**

Bid vir die kerkleiers en ouderlinge in Broenei. Vra God om hulle met kennis en geestelike wysheid te vul om hul kerke doeltreffend te lei en God se wil in Broenei uit te voer.

## **23 Eritrea**

Nagenoeg 1 000 Christene word onbepaald sonder aanklagte in Eritrese tronke aangehou. Bid vir hulle vinnige vrylating.

## **24 Marokko**

Gesinne en die samelewing in Marokko plaas druk op Christene om hul geloof te verloën, veral diegene vanuit 'n Moslem-agtergrond. Bid dat dié Christene getrou sal bly aan God se waarhede en sterker in hul geloof sal groei.

## **25 Libanon**

Ondanks struikelblokke het die Evangelie in Libanon versprei. Prys God vir televisie-, radio- en kerkgeleenthede om die Evangelie te deel. Bid vir seën oor diegene wat getrou werk om aktuele programme oor die Bybel aan te bied.

## **26 Nepal**

Christene in Nepal staar uitsetting uit hul huise en vervreemding van hul gesinne in die gesig. Bid vir finansiële bystand vir diegene

wie se families ophou om hulle te ondersteun.

## **27 Turkmenistan**

Reise tussen Turkye en Turkmenistan word beperk. Turkmeense burgers in Turkye beskou dit as 'n poging om Turkmeense menseregte-aktiviste in die land hok te slaan. Bid dat die spanning tussen Turkye en Turkmenistan sal bedaar.

## **28 Indonesië**

Vervolging is algemeen, maar mense is selde daarvan bewus. Bid dat die Indonesiese Kerk meer bedag sal wees op vervolging en slaggereed sal wees om slagoffers te ondersteun wanneer dit plaasvind.

## **29 Sirië**

Sirië is 'n oorloggeteisterde land met min hulpbronne. Bid dat Christene ná jare van gebrek na Jesus in hul situasie sal soek en in dié land sal floreer.

## **30 Irak**

Geheime gelowiges in afgeleë plekke het dringende kameraadskap met ander gelowiges nodig om ondersteun te voel. Bid dat hulle God se teenwoordigheid selfs sterker sal ervaar wanneer hulle alleen is.

## **31 Midde-Ooste**

Dank God dat talle Siriese en Irakse kerke Sentrums van Hoop geword het. Dié sentrums help Christene om van voor af te begin. Prys God vir dié voorsiening en bid vir voortgesette ondersteuning vir hierdie sentrums om in die behoeftes van Christene te kan voorsien.

\*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is vir sekuriteitsredes verander. Alle inligting was teen druktyd korrek.

